# JEUG GEBEDSAAND: Operasie Transformasie

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER:

- Julle het verlede week die hoede gemaak, wat operasie transformasie moes uitbeeld
- Elke groep kom wys sy hoed vir die groep en verduidelik wat hulle gedoen het, en wat elke ding beteken

## 3. PRAKTIESE REëLINGS VIR DIE AAND: Baie Belangrik!!!

- Elke groep gaan na ‘n spesifieke lokaal toe, daar werk julle deur die 4 gebedspunte met hulle demontrasies en opdragte. Ek gaan nie die goed teen die muur plak nie, wanneer jy voel dis reg, plak jy jou goed teen die muur.

- Wanneer julle klaar is met die 4de punte, gaan julle saal toe met julle groep waar julle die laaste deel gaan doen.

- ***Voordat julle saal toe beweeg***, verduidelik eers vir die kinders die simboliek van dit wat hulle nou gaan doen. Daar gaan voetspore op die vloer wees met sondes in hulle geskryf, hulle gaan op die voetspore loop, na die kruis toe, so hulle doen die fisiese aksie van Fil 3:13: “Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is”. So nr 5 is die uitbeelding van die ou dinge / sondes wat ek agterlaat en na Jesus / die kruis toe stap.

- Jy gaan staan met jou groep in die middel van die saal waar die rooi kruis getrek is, julle loop op die voetspore na die kruis toe. Wanneer julle by die kruis kom, plak elke kind hulle hartjie teen die kruis vas, en bid daar. Wanneer julle klaar is gaan sit julle saggies in die kerkbanke en wag vir almal om klaar te maak. Hou ASB jou groep so stil as moontlik in die kerk om nie die ander groepe te steur nie.

- By nr 5 is daar 6 lyne en 6 kruise, om 6 groepe op ‘n keer te kan akkomodeer, julle kies 1 lyn en doen NET die een, al 6 is presies dieselfde!

- Leiers moet asb nie jaag met julle kinders nie, net dalk het die Here vanaand ‘n afspraak met een van jou kinders

- Julle gaan oor die verskillende punte van operasie transformasie gaan bid, daar is ‘n aktiwiteit by elkeen wat julle gaan doen voordat julle daaroor gaan bid.

- Probeer asb om jou kinders so rustig as moontlik te hou sodat die wat regtig ernstig is die geleentheid sal kry,dalk kan die kinders met hulle gesigte na die muur sit wanneer hulle bid om hulle aandag van hulle maatjies weg te kry

- ***LEIERS***: Bid asb self oor die verskillende punte voor die tyd sodat jou aandag Woensdagaand by die kinders kan wees

- Elke leier gaan ‘n sakkie by my kom haal VOORDAT julle na julle lokale beweeg.  Daar is ‘n pen, backingboard en 1 blaai vir elke kind in. ALLES wat die kinders moet neerskryf doen hulle op die een blaai, daar is nie meer nie, en niemand gaan daarna kyk nie.  Hulle kan dit na die tyd wegggooi.

- Elke leier moet ook ‘n glashouer met water en ‘n houer met kleursel in by my kom kry VOORDAT julle beweeg.

- Berei ASB goed voor en weet wat jy waar moet doen, as jy onseker is bel my voor die tyd dat ek vir jou kan verduidelik.

- Knip ASB die hartjies voor die tyd vir die kinders uit en onthou om dit saam te bring, ek gaan nie ekstras hê nie, en julle gaan onnodig tyd mors as julle dit eers daar moet uitknip, en ek gaan nie skêre saambring nie.

- Daar is ‘n papierbord in elke sak, gebruik dit ASB om die vuurhoutjie en kleursel demonstrasie oor te doen, sodat ons nie skade aan eiendom doen nie.  Leiers doen ASB die demonstrasies self, en NIE die kinders nie!

## 4. GEBEDSPUNTE

# 1. VERNUWE JOU DENKE*:*

***Rom: 12:2***

"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.  Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."

***2 Kor 10:5***

"Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak."

# DEMONSTRASIE:


- Die leier vat die toiletrollejie waarop "Jou gedagtes" staan, en demonstreer aan die  kinders hoe ons die verkeerde gedagtes (vuil watte) met die goeie / skoon gedagtes (skoon watte) moet vervang, deur die vuil met die skoon uit te stoot.

- Dit kan ons doen deur gebed, 'n Bybelvers te lees, na Christelike musiek te luister, 'n vriend te vra om saam met jou daaroor te bid, dit met positiewe / beter gedagtes te vervang

# OPDRAG:

- Julle gaan nou eenkant sit, en bietjie dink oor wat in julle gedagtes aangaan
- Watter gedagtes is jy oor skaam, en sal jy nie graag wil hê dat iemand anders van moet weet nie
- Watter gedagtes WEET jy is verkeerd, en wil jy van ontslae raak  - gebruik die 2 Kor 10:5 raamwerk daarvoor
- Skryf die gedagtes op jou papiertjie neer – en bid nou daaroor – vra vir Jesus om jou vir die gedagtes te vergewe, maar ook om jou te help om hulle nie meer te dink nie, en onder beheer te kry.

# 1.VERNUWE JOU DENKE:



# 2. MY LIGGAAM IS ‘N TEMPEL VAN GOD

***1 Kor 6:19-20***

“Of besef julle nie dat julle liggaam ‘n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie: julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.”


# DEMONSTRASIE:

- Die leier gaan nou die bottel met skoon water in vat en dit vir die kinders wys (hou oor die papierbord asb)
- Dit is hoe Jesus wil hê dat ons moet lyk, skoon en rein,
- Wanneer ek die dag my lewe vir Jesus gee, dan kom woon God se Gees in my, want Hy help my om my lewe te leef soos God wil hê, as ek Hom toelaat.
- God is Heilige, en daarom wil Hy hê dat ons liggame rein moet wees, omdat Sy Gees in ons kom woon.
- Elke keer wanneer ek my liggaam beskikbaar stel vir goed wat God nie mee tevrede is nie, dan kom maak dit my liggaam vuil – vat nou die strooitjie en drup bieties / bietjies kleursel in (seks / drank / dwelms / rook ens.) die skoon water
- En hoe meer daarvan in my liggaam is, hoe vuiler word God se tempel, en hoe minder kan ek die Heilige Gees – wat my moet help – se stem hoor, want Hy kan nie in ‘n vuil tempel / plek bly nie.

# OPDRAG:

- Skryf nou op jou papiertjie neer watter sondes jy teen God se tempel, jou liggaam pleeg – niemand gaan dit sien, of jou daarna vra nie.
- Bid nou op jou eie daaroor, en vra God om jou daarvoor te vergewe, en jou te help om daarmee op te hou, of dit nie weer te doen nie!

## 2. MY LIGGAAM IS ‘N TEMPEL VAN GOD



# 3. BEWAAK JOU HART / REIN HART

***Spr 4:23***

“Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe”

***Luk 6:45***

“Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor”


# VERDUIDELIK:

- Jy sien, ons gedagtes, ons harte, en is tonge is met mekaar ‘gelink’ – het julle dit geweet?
- Kom ek verduidelik: wat jy dink, begin in jou hart te leef, daar broei dit gewoonlik vir ‘n rukkie, en jy kan net nie ophou dink daaraan nie, nie lank nie of jy sê met jou mond iets daaroor.
- Bv. ‘n skinderstorie – iemand het jou seergemaak, nou hoor jy iets leliks van daai persoon, en jy kan net nie ophou dink daaraan nie, nou begin jy in jou hart lekkerkry, want nou kan jy daai persoon terug seermaak. Nou begin jy aan maniere dink om hierdie storie tot jou voordeel te gebruik – en dan begin jy met die skinderstorie te hardloop, en las gewoonlik nog ‘n paar ‘juicy details’ by net om dit lekker ‘op te spice’.
- Jy sien: van jou gedagtes, na jou hart, na jou mond!

# OPDRAG:

- Jy gaan nou jou hart ondersoek en op jou papiertjie neerskryf wat die goed is wat in jou hart broei wat nie van die Here af is nie
- Daarna gaan jy daaroor bid, jy gaan vir die Here vra om jou daarvoor te vergewe en jou hart skoon te was met SY bloed
- As jy klaar gebid het, en jy voel jou hart is REGTIG skoon voor die Here, dan neem jy ‘n hartjie, skryf jou naam daarop neer en hou dit by jou om netnou in die saal teen die kruis te gaan plak

## 3. BEWAAK JOU HART / REIN HART



# 4. BEKEER JOU TONG

***Jak 3:5***

“So is die tong ook maar ‘n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag. ‘n Klein vuurtjie kan ‘n groot bos aan die brand steek”

***Matt 12:34 – 37***

“Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.  Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart, die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge in sy hart.


## DEMONSTRASIE:

- Watter verkeerde goed kan by ons mond uitkom?  (vloek / skinder / leuens / cheeky met ouers, onderwysers / lelik wees met iemand anders ens.)
- Hou so 4 vuurhoutjies tussen jou vingers vas (oor die papierbord asb), en laat ‘n kind ‘n vuurhoutjie aansteek en dan die vuurhoutjies wat jy vashou aan die brand steek.
- Sien julle, dis wat gebeur met die lelik / verkeerd wat by ons monde uitkom, dit affekteer die mense om ons, dis soos ‘n vuur wat jy aan die brand steek, en vuur maak seer, dit brand – en DIS wat jou tong aan ander mense kan doen, as jy nie leer om dit te keer nie.

## OPDRAG:

- Julle gaan nou dink aan dit wat gereeld by JULLE monde uitkom - vloek / skinder / leuens / cheeky met ouers, onderwysers / lelik wees met iemand anders ens
- Skryf dit op jou papiertjie neer en bid daaroor – vra die Here om jou te help om te DINK voordat jy praat, sodat dit wat by JOU mond uitkom nie ander mense sal seermaak nie.

## 4. BEKEER JOU TONG



# 5. EK MAAK KLAAR MET DIE OU DINGE:

***Fil 3:13:***

"Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is".

# OPDRAG:

- Ons gaan nou in saal toe beweeg, ons gaan in die middel bymekaar kom en op die voetspore na die kruis toe stap.
- Soos ons stap, los ons die ou dinge agter ons, en ons beweeg na die kruis, na Jesus toe.
- Wanneer ons praat van operasie transformasie, dan is DIT wat ons doen, ons los die ou dinge agter, maak klaar daarmee, los dit, doen dit nie meer nie, en ons probeer om al meer soos Jesus te wees – na God se Beeld te leef, SODAT mense God in my kan 'sien'
- Wanneer jy by die kruis kom, dan plak jy jou hartjie met jou naam op, op die kruis, en hier bid jy en vra jy vir Jesus om jou te help om die ou dinge te los en daarmee klaar te maak
- Wanneer julle klaar is, gaan sit julle stil in die kerk, in die banke, en wag vir die ander om klaar te maak.